HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

23 Februarie 2025

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Baie Welkom by vanoggend se Erediens!

Mag jy tuis voel in die Geloofsfamilie van Hoogland

Indien daar enige nuwe lidmate of besoekers is, kom maak asseblief kennis, na afloop van die erediens, by die Gemeentedienste tafel in die Voorportaal (by die hoofingang).

Kontak gerus ook vir Annalize in die kerkkantoor (of kyk by www.pehoogland.co.za onder EK WIL -> LIDMAAT WORD) sodat ons jou besonderhede kan kry en met jou kan kontak maak.
Neem gerus ook 'n "Nuwe Intrekkers" koevert in die brosjure vakkies.

Geloof deur liefde tot dade ...

As iemand dalk iewers ekstra meubels het bv bank, kas, tafel met stoele, mikrogolfoond, ens kontak asseblief die kerkkantoor. Daar is 'n lidmaat wat tans baie swaar kry en van vooraf moet begin "huis opsit".

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Sunell Ribbens
10:00 GVG in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte: Sin. Diens van Barmhartigheid

Program vir die week

Maandag: 24 Februarie
10:00 Gebedsaksie in die Gebedskapel

Dinsdag: 25 Februarie
18:00 Doopkursus

Woensdag: 26 Februarie
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 27 Februarie
19:00 Kerkraadsvergadering

Vrydag: 28 Februarie
05:15 Mannebediening

Hoogland Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Gebedsaksie

Gebedsversoeke kan vertroulik met 'n *WhatsApp* boodskap gestuur word na 079 815 9325.

Versoek vir 'n besoek ...

Die kerkkantoor kry van tyd tot tyd versoeke van bv kinders in die buiteland of kinders wat ver bly om by hul bejaarde ouers te gaan inloer.

Indien jy 'n hart het vir bejaardes en hou van gesels - gee asseblief jou naam vir Annalize in die kerkkantoor of stuur 'n *WhatsApp* met Besoek 'n Bejaarde & jou naam na Hoogland se Selnommer - 079 815 9325.

Die kerkkantoor sal jou dan van tyd tot tyd kontak in dien daar sulke versoeke deurkom.

Hoogland : Motorwag

Indien iemand weet van 'n persoon wat hier by Hoogland kan kom help/werk as motorwag Sondae tydens eredienste en ook by alle ander Hoogland aangeleenthede kan hulle gerus met Leon in die kerkkantoor kom gesels.

Lydenstyd @ Hoogland 2025

Die getuienis van rooi lappe

Vanaf Aswoensdag, 5 Maart, sal daar rooi lappe om die bome op die kerkterrein gedraai wees.

Hoogland wil graag elke lidmaat aanmoedig om êrens by jou huis 'n rooi lap om 'n boom te draai of 'n rooi lint aan jou hek/deur vas te maak. Wanneer iemand dan vra waarvoor hierdie rooi lappe is, gee dit vir elke Hooglander die geleentheid tot verdere getuienis deur te vertel van Jesus se kruisdood en opstanding.

Rooi lappe is in die portaal na afloop van die diens, of gedurende die week by die kerkkantoor teen R20 beskikbaar.

Die geloofsdissipline van vas

Die vas (vrywillige weerhouding van kos) is 'n geestelike dissipline of oefening wat ons help om op God te fokus en te groei in die verhouding met God. Dit is nié 'n eet-staking om God te oorreed om my gebede te verhoor nie. Dit is gerig op God wat my al meer verander na Sy beeld. "*Fasting does not change God's hearing so much as it changes our praying*." (Anoniem)

Indien ons die beginsel van vas verstaan, kan ons met bietjie kreatiwiteit in ons lewe ook van ander dinge vas. Die beginsel is om iets prys te gee. Nie sommer net enige iets nie. Iets wat deel is van jou daaglikse roetine, of vir jou belangrik is. Soos byvoorbeeld koffie, 'n sekere TV-program, selfoon-tyd, 'n sekere kos-soort of selfs die beoefening van 'n stokperdjie. Daagliks wanneer jy dit sou doen of gebruik, word jy nou herinner om hierdie tyd in gebed en toewyding aan God te spandeer. Dit is amper nog belangriker. Dit help nie ons vas van iets, maar vul daardie tyd met ander aktiwiteite nie. Vas koop vir ons bietjie ekstra tyd, of herinner ons daagliks om stil te raak, onsself nederig te maak voor God en vir 'n spesifieke saak te bid.

Wil jy nie kyk na jou eie dag se program, stil raak en die Here vra waarvan jy kan vas in hierdie Lydenstyd nie?

Mag ons geestelike spiere hierdeur geoefen word en ons groei in ons toewyding aan God....

Uit die hart...

"O Here, hervorm die wêreld ... en begin by my!"

Joseph Neesima

Gebed is een van die kragtigste maniere waarop ons met God kommunikeer. Dit is nie net woorde wat ons uitspreek nie, maar ook die diepste bedoeling van ons hart wat Hy verstaan. Soms sukkel ons om die regte woorde te vind, maar God kyk verby ons beperkings en sien wat werklik in ons binneste aangaan.

Luister na hierdie mooi legende van *Phillips Brooks* wat daarvan getuig:

Die verhaal word vertel van 'n akrobaat wat 'n monnik geword het. Hy was so ongeleerd dat hy nie eers die *Credo* of die *Paternoster* kon opsê nie. Hy was so teleurgesteld deur sy onvermoë dat hy voor 'n prent van Jesus aan die kruis gaan staan het en al sy akrobatiese toertjies uitgevoer het totdat hy uitgeput op die grond neergeval het. Daar word vertel dat terwyl hy daar gelê het, Christus self die sweet van sy voorkop afgevee het.

Hierdie pragtige legende gee sekerlik uitdrukking aan die hart van God se begrip en simpatie. Ons kan met sekerheid weet dat God nie net ons woorde hoor nie, maar ook die opregtheid van ons hart ken en daarop reageer.

Groete ... ds Sunell

Bespreek by Leandra in die kerkkantoor
as jy wil kom saam kamp! Tyd word nou min!!!

GEMEENTEKAMP 2025

21 - 23 Maart 2025
te Innikloof (naby Hankey)

Kampkostes
SLEGS KAMPEER plekke beskikbaar :
R150 pppn / volw
R85 pppn kinders
0/5 jaar kamp gratis

Bespreek by Leandra of stuur 'n WhatsApp na 079 815 9325
... dit is 'n langnaweek as jy langer wou kamp

Hooglanders bring jou kampstoel &
piekniekmandjie en kom kyk wie is Hoogland se
Potjiekos Kampioen!!!

GVG POTJIEKOS KOMPETISIE

Vrydag, 7 Maart
vure vanaf 16:30
beoordeling @ 20:00

@ Hoogland Kerkterrein

GVG groepe & ouers ding teen mekaar
mee vir Hoogland se **Potjiekos Koning.**
Inskrywings & navrae by jou kind se Mentor.

Inskrywings sluit 2 Maart !

Bring jou piekniekmandjie en kom kuier saam!

Hoogland bied vanaf 15 April 'n *Divorce Care* kursus aan. Indien jy al hierdie seer pad van egskeiding gestap het en daar nog vrae in jou hart is kom gesels saam met ander met dieselfde worstelinge en vrae. Hierdie kursus is ook vir NIE-Hooglanders so as jy weet van iemand wat die pad van egskeiding gestap het — stuur gerus die "advertensie" vir hom / haar aan.

LEEF LIEFDE TOT EER VAN GOD
LORRAINE FAMILIEKERK

Kraggakamma Gemeente

Sherwood
GEMEENTE

Wêreldbiddag

Mans & Dames welkom!

Sprekers:

Christelle & Henry Webb-Joubert (RSG)

Tema: "I made you wonderful" - Ps 139

Worsbroodjies beskikbaar vanaf 17h30

Worsbroodjies te koop teen R30 - vooraf bestel by betrokke kerkkantore

Donderdag, 06 Maart 2025

19:00

NG Kerk Kraggakamma
Gazanialaan 2, Fernglen, PE

Bespreking:
Gratis toegangkaartjie beskikbaar by betrokke kerkkantore

Hoogland Gebedsaksie

Wêreldbiddagbyeenkoms in die Gebedskapel
Vrydag, 7 Maart: 10h00 tot 12h00
Almal (mans & vroue) is baie welkom!!